:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Deel XXIII. DESEMBER 1955. Nr. 3.

## DANK EN WAARDERING.

Prof. dr. F. Rudolf Lehmann tree aan die einde van hierdie jaar uit die diens van die P.U. vir C.H.O.

Met die instelling van 'n departement vir Volkekunde aan genoemde Universiteit in 1950, is prof. Lehmann benoem as professor in die vak en hoof van die Departement. Hy het tot taak gehad om die Departement van vooraf op te bou; leerplanne moes uitgewerk en 'n biblioteek van die grond af opgebou word. Met Afrikaans, die medium van die Universiteit, was hy nie goed vertroud nie en teenoor die universitêre grondslae en metodes en administrasie in ons land het hy totaal vreemd gestaan. Hy het egter alle struikelblokke oorwin en hom uitstekend van sy taak gekwyt, sodat in die Departement vir Volkekunde aan die P.U. vir C.H.O. sy naam lank in eervolle herinnering gehou sal word.

Prof. Lehmann is 'n man van internasionale bekendheid vanweë sy vakwetenskaplike publikasies en sy navorsingswerk veral in die Stille Oseaan en in Afrika. Hy is 'n man met 'n onvattende kennis, nie net van die Volkekunde nie maar ewe-eens van die Geskiedenis, die Geografie, Wysbegeerte, Vergelykende Godsdienswetenskap, Klassieke, verskeie tale en Wiskunde. Sy wetenskaplike status en bekendheid het natuurlik ook hierdie Universiteit ten goede gekom en bekend gestel waar dit anders nooit onder die aandag sou gekom het nie.

Bostaande besonderhede het ons, met dank, ontleen aan 'n artikel deur dr. J. H. Coetzee, in die jongste nommer van *Die Veteraan*.

Prof. Lehmann het hom baie gewild gemaak by sy studente en by al die kollegas wat met hom in aanraking gekom het.

*Koers* voel vereerd om tans 'n artikel uit die pen van prof. Lehmann te kan plaas, en bid hom alle seën toe op sy verdere lewe en arbeid.

REDAKSIE.